Liewe vriende en familie,

Sjoe, die tyd vlieg! Die son het alweer gedraai – by ons was dit die kortste dag en langste nag en daar in die noorde beteken dit die dae gaan nou weer korter begin word. Die sonsondergang (regs) is nogsteeds 'n belewenis hier in Afrika en 'n besonderse gesig vir die besoekers uit die koue wêrelddele.

Projekte

GROOT NUUS! Ons volgende GROOT projek gaan wees om 'n hoërskool te bou. Ons het – met julle hulp! – nou al soveel graad 10, 11 en 12 kinders gehelp met skoolfondse, uniforms en skoene dat ons besef die oplossing lê voor ons deur!

Dit gaan baie goedkoper wees om eers net 'n blok met drie klaskamers te bou en dan vir die Departement Onderwys vra om hulp te verleen met krag, ens. Die onderwysers sal ook deur hulle voorsien word. Hiermee gaan ons 'n hele gemeenskap kan verander!

Ons is baie opgewonde oor die projek en het klaar met die hoofmanne van die omgewing beraadslaag. Hulle sal reël dat almal hand bysit om bakstene te maak en ook dat die sand en stene met ossewaens aangery word. Ons het al by voorbaat die grond gaan uitsit en die planne is in wording.

Mev Mumba, die hoof by een van die plaaslike skooltjies (Mutandalike), dink dis absoluut 'n fantastiese idee.

Ons ander projek in die pyplyn is die “Bok”-projek vir die HIV baba-wesies. Regs is 'n foto van 'n “bokhuis” soos wat ons beplan.

Barnabas, 'n plaaslike boer is besig om ons te help om nog bokke aan te koop (ons het nou alreeds 5) ten einde die bokprogram op die been te bring. Dit sal beteken dat ons die HIV baba-wesies van vars bokmelk i.p.v. die duur Lactogen kan voorsien.

Kanjanji Children's Village
His heart, His hands, His little children

No. 30 – 5 July 2009

'n Pragtige Afrika-sonsondergang in Zambië

A beautiful African sunset in Zambia

Die Bokhuis / The Goat House

Hallo to you all,

It is unbelievable how time flies! Although we cannot see much of a difference as yet, the seasons are changing and the days in the southern hemisphere are getting longer again. The sunsets in Africa are still quite something to see and experience for yourself, as you can see on the picture (left).

Projects

Wonderful news! Our next big project is to build a high school. With your help we now have been able to help so many grade 10, 11 and 12 children with school funds, uniforms and shoes that we all of a sudden realized that the solution is at hand!

We have decided that it will be far cheaper to build three classrooms and then ask the Department of Education to fund us with electricity, etc. The teachers will then also be provided by the Department and in this way we will be able to make an impact on the community as a whole!

We are so excited about this project and have already spoken to the headmen of the villages. They are going to arrange that we get some help with the making of the bricks as well as with transporting of the sand and bricks with oxwagens. We have already in anticipation marked out the plan of the classrooms.

Mrs Muba, the head of one of the local schools, which is known as Mutandalike, thinks this is a fantastic idea.

The other project in the pipeline is the “Goat Project” for the HIV baby orphans. On the photo you will be able to see the plan for the “Goat House”.

Barnabas, one of the local farmers, is helping us to buy goats from the villagers. We already have 5 goats to start off our goat program. Hereby we will be able to supply the HIV baby orphans with our own fresh goats milk instead of the expensive Lactogen milk.

Barnabas het 'n seun wat dan vir ons die bokke gaan oppas teen 'n minimale betaling, omdat ons bokke in 'n gesamentlike huis gaan bly.

Mnr Hakuna, die hoof van die Siankope skooltjie, het ons genooi om al sy personeel te kom ontmoet omdat ons vir hulle 'n paar balle geskenk het nadat iemand by die skool ingebreek en al hulle sporttoerusting gesteel het. Hy wys ons toe trots hoe hulle vir hom 'n kantoor aangebou het, maar ongelukkig kon hulle nie verf bekostig nie en hy sit maar in die donker kantoortjie omdat daar mos geen elektrititeit is nie.

Ek, Lourie en Capie besluit toe om hom te verras en sy kantoor vir hom te gaan verf. Regs is ons vroeg een Saterag besig om sy kantoor uit te verf. Julle sal nie glo hoe verras en bly hy was nie!

Gebedsversoeke

- † Bid asb saam dat Capie se werkspermit goedgekeur sal word. Die Zambiese regering is vol draadwerk en wil eerder hê ons moet van eie bronne gebruik maak (wat ons nie het nie)!
- † Bid ook asb dat die probleme met die boorgatpomp en die gevolglike gebrek aan water binnekort uitgesorteer sal word. Hierdie is die 3de pomp wat die gees gee en sonder water kan ons niks doen nie!

Nogmaals dankie en groete aan julle almal!

Lourie & Gisela Ferreira

www.kanjanji.com /
childrensvillage@kanjanji.com

✉ Posbus 630677, Choma, Zambië

Barnabas se seun / Barnabas' son

Mnr Hakuna se kantoor word uitgeverf
Painting Mr Hakuna's office

Mnr Hakuna se kantoor word uitgeverf
Painting Mr Hakuna's office

Barnabas' son will be looking after the goats for us at a minimal wage because our goats will be staying in the same "house".

Mr Hakuna, the head of the Siankope school, invited us to meet all the school's teachers because we gave them a few balls as a present after an intruder stole all of their sport equipment. He also proudly showed us the office they had built for him. Unfortunately, they could not afford paint and as a result he had to sit in the dark office because there is no electricity.

Lourie, Capie and I then decided to surprise him by painting his office for him. On the photo's (left), you can see us painting early one Saturday morning. We wish you could have seen his face – the joy and thankfulness was amazing!

Prayer Requests

- † Please pray that Capie's work permit will be granted. The Zambian government is very strict about issuing permits and would rather we use our own resources, which we simply do not have.
- † Also please pray that the problems we are experiencing with the bore hole's pump will be resolved soon. Without it, we do not have access to any water. This is the 3rd pump that has broken down and we cannot do anything without water!

Thank you very much for supporting us with you finances and prayers!

Lourie & Gisela Ferreira

www.kanjanji.com /
childrensvillage@kanjanji.com

✉ PO Box 630677, Choma, Zambia

Kanjanji Children's Village
His heart, His hands, His little children